PERSVERKLARING

HESSEQUA MUNISIPALITEIT

KONTAK:
Munisipale Bestuurder
Mnr. Johan Jacobs
mm@hessequa.gov.za
Hessequa Munisipaliteit
Tel: 028 713 8000

VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING

14 Junie 2021

JEUGDAG VIERINGE GEKANSELLEER

Jeugdag word op 16 Junie 2021 gevier en is dit ’n huldeblyk aan diegene wat vir ’n regverdige en demokratiese samelewing geveg het. As Burgemeester van Hessequa, ondersteun ek die viering van hierdie belangrike dag, aangesien dit ons herinner aan die belangrike rol wat ons jeug in die toekoms van ons land speel.

Die Hessequa streek het 'n hoë werkloosheidsyfer onder ons jeug en die gebrek aan voldoende vaardighede, beperk hulle om hul volle potensiaal te bereik. Werkskepping, opleiding en vaardigheidsontwikkeling is die grootste deurslaggewende faktore wat nodig is om ons jeug toe te rus om hul toe te laat om die formele arbeidsmark te betree.

Die bemagtiging van jeug is vir Hessequa Munisipaliteit ’n prioriteit. Die Gemeenskap Ontwikkeling afdeling van Hessequa Munisipaliteit het dus onmiddellik ingekoop toe hulle deur die Stilbaai SAPD genader is om by hulle Jeugdag program op 16 Junie 2021 betrokke te wees. Die doel van die program was om jeugdiges aan bemagtigingsgeleenthede bloot te stel. As deel van die program sou jeugdiges die geleentheid gebied word om ‘n loopbaan uitstalling by te woon.

Op 10 Junie 2021 het die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes van Suid-Afrika (NICD) bevestig dat Suid-Afrika nou amptelik die derde golf van COVID-19 infeksies betree het. Die afgelope 2 weke het ook getoon dat die aantal Covid-19 gevalle in die Hessequa munisipale gebied toeneem en is daar gevolglik besluit om die Jeugdag program af te stel. Enige navrae in die verband kan aan Mnr R Heunis by (028) 713 7805 gerig word.

Ek doen hiermee ’n beroep op ons jeug om nou meer as ooit verantwoordelik op te tree. Neem die veiligheid en gesondheid van julle gesinne, vriende en mede-skoliere in ag. Dra jou masker, was en ontsmet jou hande op ’n gereelde basis en behou ’n veilige sosiale afstand. Die verantwoordelikheid om die verspreiding van COVID-19 te voorkom begin by jouself.

Grant Riddles
Uitvoerende Burgemeester

EINDIG

UITGEREIK DEUR:
Me D Budricks
Hoof: Openbare Betrekkinge & Administrasie
Hessequa Munisipaliteit
Tel: 028 713 8000
E-pos: didi@hessequa.gov.za